
# Boodskapper van engele

Belinda Bras-Nel van Vanderbijlpark straal 'n byna tasbare vreugde en tevredenheid met die lewe uit. Omring deur haar sewe katte en drie honde, haar geliefde man en twee kinders is sy die toonbeeld van moederlikheid.

'n Gewone vrou en ma. 'n Gemaklike soort mens wat jy graag as buurvrou, vriendin of skoondogter sou wou hê. Maar Belinda het ook 'n ander talent wat minder algemeen is. Sy praat met engele en kan hul boodskappe "hoor" en oordra aan dié vir wie dit bedoel is. En sy sê alles wat leef - elke mens, dier, boom en plant - het engele wat elke sekonde van elke dag en nag oor ons waak, al sien ons hulle nie.

Belinda sê sy was soos die meeste mense ook nie altyd bewus van die engele se bestaan nie - totdat depressie haar so sewe jaar gelede deur 'n dal van doodskaduwee geneem het. As diep gelowige Christen het sy in die donkerste tyd van haar lewe 'n noodroep die heelal ingestuur: sy wou weet wat haar doel op aarde was want alles het so sinloos gevoel. Die warboel van intens neerdrukkende gedagtes het die dood na 'n welkome ontvlugting laat lyk.

Dit was tóé, sê sy, toe sy nikswerd gevoel het, dat sy van die realiteit van die engele om ons bewus geraak het. Die aantreklike, slim jong vrou wat in ingenieurswese studeer het maar in 'n stadium so 'n laagtepunt bereik het dat sy selfmoord wou pleeg, het danksy die engele ontluik in 'n aartsmoeder wat haar nou daarop toespits om liefde en vreugde in ander se lewens te bring; om verwarde, ongelukkige mense te help om sin uit hul chaotiese bestaan te maak. Alles danksy die engele se rigtinggewende boodskappe, sê Belinda.




Dit het nie net in haar eie gemoed rus en vrede gebring nie, maar haar ook toegerus om ander te help wat in psigiese nood is, vertel sy.

Haar "talent" om met engele te praat het soos 'n riemtelegram versprei en vandag kom mense van regoor die land om haar in haar Vanderbijlparkse spreekkamer te sien en hul boodskappe te hoor - ook boodskappe van geliefdes wat nie meer in fisiese vorm op aarde is nie. Oor skeptici wat sê dat sy die boodskappe uit haar duim suig vir liggelowiges, trek sy net skouers op. Sy het niemand nog ooit gedwing om na 'n boodskap te luister of daarop te reageer nie. Dis elke mens se eie besluit, sê sy.

Intussen het haar eerste boek, **My pad met Engele**, die lig gesien en is sy reeds deur verskeie radiostasies genooi vir onderhoude. Nasionale tydskrifte en koerante het ook al oor dié merkwaardige vrou geskryf. Maar hoewel sy 'n vrolike humorsin het, het sy nie tyd vir ligsinnigheid of mense wat haar wil sien vir toekomsvoorspellings nie. Sy wil nie 'n "celebrity" wees nie. Sy wil mense net help om sielsondersoek te doen sodat hulle gelukkig kan wees en die sin en betekenis van hul lewe kan vind. Soos wat sy dit in haar eie lewe gevind het... danksy die engele.

* Twee lesers gaan elk 'n kopie van die boek My Pad met Engele wen. SMS net Engel en die skrywer se naam na 45527. SMS'e kos R1-50 elk en moet ons nie later nie as Vrydag 10:00 bereik.



Belinda Bras-Nel.

**Die radiostasie IFM 102.2 saai op 20 Junie net na 10:00 'n onderhoud met Belinda Bras-Nel uit. Luister gerus. Foto: Jannie du Plessis.**